# Hoofstuk 7
# Ritme van Afrika

## Luister en praat

### Luisteroefening

**Aktiwiteit 7.1: Luister na ’n Khoisan jagverhaal**
*KABV: bl. 12-13, 19-20*

**Pre-luister**
Hanteer die vrae vir die klasbespreking as inleiding tot die hoofstuk. Hier is geen beperking op die antwoorde nie; dit moet net gesprek stimuleer.

- As bewoner van die vasteland van Afrika, waaraan laat die titel van die hoofstuk jou dink?
- Watter soort stories het jy as kind voor slapenstyd verkies?

Help die leerders om die moeilike woorde in die teks te verstaan voor die teks gelees word. Trek die buitelyn van Afrika rofweg op die bord, skryf die moeilike woorde daarin en bespreek dit met die leerders – onafhanklik van die teks. Nooi hulle om hul eie woorde ook te kom neerskryf en te verklaar.

- Die luisterteks is ’n jagverhaal van die **Khoisan**.
- Verduidelik hoe die “tydens lees-proses” gaan verloop: Hulle moet die eerste keer aandagtig, luister. Tydens die tweede lees maak hulle aantekeninge en beantwoord dan die vrae wat jy mondeling stel.
- Wenk: Leer die leerders hoe om sinvolle kernaantekeninge te maak.
- Wenk: As hul sukkel om te konsentreer kan hulle stip op hul boeke kyk of hul oë toemaak met die eerste lees.

**Tydens luister**
Lees die teks duidelik voor. Die eerste keer luister die leerders aandagtig, met die tweede lees maak hulle kernaantekeninge en dan stel jy die vrae mondeling aan die leerders en hulle beantwoord dit skriftelik.

**!Kung en die eland**

As Oupa Hendrik eers keelskoon maak, weet almal om die kampvuur dis storietyd.

“My oupa se grootoupa, die een wat hulle !Kung genoem het, vertel dat hy die nag wat Tsui’goab (die skepper) die maan baie groot en helder laat skyn het, besluit het om te gaan jagmaak op die groot elandbul. Hy het sy pyle uit die beste klip gebeitel en die skerp punte met die fyngemaalde kewer en plantsapgif gesmeer. Die bul moes die Groot Fees se kos word.

Oupa !Kung het geweet dat die bul lief was om net na maanopkoms in die groot vlakte te wei. Daar het hy windaf vir hom lê en wag toe die maan opkom. Die ou grote was rustig. Hy het geen onraad vermoed nie. Die jagters jag mos nie in die nag nie …

Maar toe Oupa !Kung so staan met sy boog sekuur op die eland gerig, kyk die bul mos op en reguit in Oupa se oë en Oupa sê dis of hy in ’n beswyming verval, want Tsui’goab praat reguit met hom deur die oë van daai elandbul en hy sê: ‘!Kung, as jy vanaand die elandbul skiet, skiet jy die leier van die trop en daar is geen ander bul wat na die groot droogte sterk genoeg is om sy

plek in te neem as leier nie. As jy hom vanaand skiet, gaan die hele trop vrek sonder om sterk kleintjies te los.

'!Kung, jy moet kies of jy vanaand die eland wil laat uitsterf en of jy hulle vir jou nasate wil bewaar om by nog baie Groot Feeste geniet te kan word.'

Oupa sê dat daai bul nie eers 'n oog geknip het terwyl hy staan en dink het oor wat hy moet doen nie. Toe laat sak Oupa sy pyl en boog. Die elandbul knik sy kop en skop agterop voordat hy wegdraf die vlakte in.

En so, sê Oupa !Kung, het hy die eland van uitsterwing gered en so moet ons almal sorg dat ons die natuur oppas en versorg sodat dit vir ons nageslag bewaar kan word."

*Celia Pretorius*

Vra die volgende vrae mondeling aan die leerders en laat hulle hul antwoorde neerskryf.

7.1.1 Voltooi die sin met die korrekte woord: (3) [DV1]
Die verteller in die verhaal is (a.) …… Hy vertel dat Oupa !Kung 'n (b.) …… wou gaan jag. Hy wou die bul jag vir kos vir die (c) ………
*(a) Oupa Hendrik; (b) elandbul; (c) Groot Fees*
7.1.2 Skryf neer watter een pas nie: (1) [DV2]
Oupa !Kung het twee goed gemeng om gif vir die pyl te maak.
A. fyn stukkies klip
B. fyngemaalde kewer
C. plantsap
*Antwoord: A*
7.1.3 Sê of die volgende stelling WAAR of VALS is en motiveer jou antwoord uit die teks: Na die lang droogte was daar nog net twee bulle oor. (1) [DV3]
*Vals. Daar was geen ander bul (dus nie meer as een nie) oor nie.*
7.1.4 Watter tradisie van die jag het !Kung verbreek om die elandbul te kon skiet? (1) [DV3]
*Hy het nie in die dag gejag nie. (Hy het in die nag gejag.)*
7.1.5 Waarvan kan jy aflei dat die dier !Kung se besluit goedgekeur het? (1) [DV3]
*Hy knik sy kop. / Hy skop agterop.*
7.1.6 Wat word geïmpliseer deur die woorde: "Toe laat sak Oupa sy pyl en boog"? (1) [DV3]
*Hy het besluit om nie die elandbul te skiet nie.*
7.1.7 Dink jy sy keuse was reg? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1) [DV4]
*Leerder se eie mening, bv. Ja, ons moet die diere vir ons nageslag bewaar. / Nee, die mens het die reg om te jag vir kos.*
7.1.8 Watter aktuele kwessie roer die verteller, na jou mening, hier aan? (1) [DV5]
*Die uitwissing van wilde diere.*

***Nota:***

- Die punt word toegeken vir die motivering en nie vir die Waar-/Vals- of Ja-/Nee-antwoord nie. Die Waar/Vals Ja/Nee moet wel ingesluit word as deel van die antwoord, anders verdien die antwoord geen punt nie.
- Enige motivering wat sin maak, kan aanvaar word.

**Verryking: Klasbespreking na die luisteroefening (onafhanklike lees)**

- Laat die leerders gesels oor wat hulle uit hierdie vertelling geleer het.
- Gesels oor watter ander diere in Suider-Afrika tans in dieselfde situasie is? Die leerders kan selfs 'n plakkaat of uitstalling maak.

- Laat hulle ’n storie oor Afrika gaan soek en dit vir die klas kom vertel.

**Aktiwiteit 7.2: Lewer ’n voorbereide toespraak**
*KABV: bl. 12-13, 21-22, 23*

Die leerders gaan ’n toespraak navors, skryf en aanbied oor een van die volgende onderwerpe:
7.2.1 ’n Gewilde toerismebestemming/ besienswaardigheid in Afrika
7.2.2 Die koskultuur van Suider-Afrika
7.2.3 Ikone van Afrika

- Hou ’n klasbespreking oor die onderwerpe om hul belangstelling te prikkel.
- Die finale toespraak moet twee tot drie minute lank wees.
- Gee vir hulle leiding sodat hulle weet hoe om die stappe van die praatproses te volg. ’n Goeie plan is om vir hulle ’n kontrolelys te gee.
- Verduidelik die PIV-metode en oefen dit totdat die leerders dit verstaan. ʼn Mens kan gewone sprokies soos Rooikappie gebruik om die PIV te oefen.
- Werk met die leerders deur die riglyne vir beplanning, navorsing en organisering op bladsy 76 van die Leerdersboek. Gesels met hulle oor formele register, lyftaal en oogkontak, stemtoon, tempo, klem, pousering, duidelike spraak.
- Bespreek die matriks wat vir die assessering gebruik word met die leerders.

## Lees en kyk

**Aktiwiteit 7.3: Lees ’n kortverhaal**
*KABV bl. 16-17, 32-33*

Die leerders moet in hierdie aktiwiteit hul vlug-, soek- en aandagtige leesvaardighede toepas om die teks te ontleed en vrae daaroor te beantwoord.

**Pre-lees**
Werk saam met die leerders deur die kenmerke van ʼn kortverhaal op bladsy 77 van die Leerdersboek. Bespreek dit weer nadat die kortverhaal gelees is.

Maak seker dat die leerders bekend is met die volgende agtergrondinligting:

- **Volkspele** is tradisionele danse, veral in die Afrikaanssprekende kultuur, waar dansers in Voortrekkerdrag geklee is en op die maat van ou Afrikaanse volksliedjies dans.
- Die Kaapse Klopse is dansers en musikante in kleurvolle kostuums en oorgegrimeerde gesigte. Hulle sing vrolike liedjies bekend as “moppies”. Tradisioneel vind hul optogte en kompetisies op Tweede Nuwejaar plaas.
- ʼn **Rubberstewel-/gumbootdans** is ’n dans wat die myners uitvoer deur die klap en stamp van hul stewels, hul hande en hul voete.

**Tydens lees**
Die teks in die Leerderboek het kantaantekeninge om van die literêre terminologie en moeilike woorde te verduidelik. Dit kan mondelings met die leerders bespreek word na die eerste lees van die teks en voordat hulle die teks ʼn tweede maal lees.

**Post-lees memorandum:**
7.3.1 Wie is die verteller in die verhaal en watter soort verteller is dit? (2) [DV1/2]
*Andries is ʼn eerstepersoonsverteller/ek-verteller*
7.3.2 Die titel skep gewoonlik ’n verwagting van die inhoud by die leser.
Motiveer waarom dié titel aan die vereiste voldoen of nie. (1) [DV3]

*Dit voldoen aan die vereiste; dit skep die verwagting by die leser dat dit ŉ suksesverhaal gaan wees/die hoofkarakter suksesvol sal wees. ("Stoftrap" is hier 'n metafoor vir die riel.)*
7.3.3 Skryf in jou eie woorde die sentrale tema van die verhaal neer.(1) [DV3]

*Harde werk en motivering laat drome waar word./Aanhouer wen (Enige gepaste antwoord)*
7.3.4 Gebruik een woord om die stemming van die verhaal te beskryf. (1) [DV3]
*Opgewondenheid/Afwagting (Aanvaar enige gepaste antwoord.)*
7.3.5 Pas die voorbeelde van beeldspraak en stylfigure by elke aanhaling en skryf die korrekte een langs die vraagnommer neer. (5) [DV3]
*a. vergelyking*
*b. herhaling*
*c. alliterasie*
*d. personifikasie*
*e. metafoor (Andries dans so goed soos 'n volstruis en word gelykgestel aan een)*
7.3.6 Herlees paragrawe 1 en 19. Bespreek kortliks die kontras in die atmosfeer tussen die twee paragrawe. (2) [DV3]
*Die stemming in par. 1 is morbied (omdat daar min wegkomkans uit die situasie is) terwyl die stemming in par. 19 vol vreugde is en hoop op 'n beter toekoms bied*
7.3.7 Hoe verskil die kommentator se aanmerking oor die Wuppertal Stoftrappers in par. 13 van die organiseerder se aankondiging in par. 17? (2) [DV2]
*In par. 13 sien hy die Wuppertal Stofsitters as die moontlike wenners, terwyl hy in par 16 die Askoek Stoftrappers as die wenners moet aankondig.*
7.3.8 Wat beskou jy as die hoogtepunt/klimaks van die verhaal? Motiveer jou antwoord. (2) [DV3]
*Die aankondiging van die wenspan. (Dit bring Andries nader aan sy droom – hy gaan Amerika toe.)*
7.3.9 Beskryf in jou eie woorde wat Andries bedoel met "my dag in Afrika het aangebreek!" (par. 19) (2) [DV3]
*Dit is sy kans om die tradisie/kultuurdans van sy eie mense te gebruik om sy omstandighede te verbeter. (Dit is ironies dat die rieldans, wat juis die uitbeelding van eenvoud. armoede en nederiheid is, Andries in staat stel om hierdie wêreld te verlaat en sy horisonne uit te brei.)*
7.3.10 Wat is die boodskap/lewensles wat jy uit hierdie verhaal haal? [DV3](2)
*'n Mens kan bo jou omstandighede uitstyg (Enige gepaste antwoord.)*
Totaal: 25

**Aktiwiteit 7.4: Lees 'n gedig**

**Pre-lees**
Toets die leerders se kennis van die terminologie. Skryf die begrippe op een stel kaarte en die verduidelikings daarvan op ŉ tweede stel kaarte. Plak die begrippe op die bord en laat die leerders die verklaring by elke begrip aanbring. Gebruik die begrippe op bladsy 80 van die Leerdersboek.

**Tydens lees**
Dit is belangrik dat die gedig met gevoel gelees word. Lees dit self gevoelvol voor of laat ŉ goeie leser dit vooraf oefen en hardop vir klas voorlees.

**Post-lees memorandum:**
7.4.1Die gedig bestaan uit vier strofes. Gebruik ŉ blok vir elke strofe en som die inhoud van elke strofe in jou eie woorde daarin in jou werkboek op. Jy mag ook illustrasies met byskrifte doen. (4) [DV2]
*Strofe 1: Die reën nader/word sigbaar.*
*Strofe 2: Die grootwild reageer op die koms van die reën.*

*Strofe 3: Die klein diertjies van die veld reageer op die koms van die reën.*
*Strofe 4: Die reën val neer.*
7.4.2 Wie is die spreker in die gedig? Motiveer jou antwoord. (2) [DV3]
*Jan Konterdans. / Dit word so gestel deur die subtitel.*
7.4.3 Hoekom word die reën as "ons Suster" aangespreek? (2) [DV3]
*Die woestynbewoners het eerbied vir die reën. / Hulle voel soos familie van die reën.*
7.4.4 Pas die metafoor in kolom A by die verklaring in kolom B. (6) [DV2]

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 7.4.4.1 | "armband blink, krale skitter" | C | *weerlig* |
| 7.4.4.2 | "sy lag saggies" | E | *ligte donderweer* |
| 7.4.4.3 | "haar fyn spore" | F | *eerste druppels val* |
| 7.4.4.4 | "vaalkaros" | A | *wolke* |
| 7.4.4.5 | "krale skud" | B | *swaar donderweer* |
| 7.4.4.6 | "Suster" | D | *reën* |

7.4.5 Die Suster is belangriker as die ander natuurdinge. Haal drie voorbeelde uit die gedig aan wat dit bewys. (3) [DV3]
*Die name van die diere word nie genoem nie (die reën s'n wel). / Die son raak weg (minder belangrik). / Die wind gaan lê (verdwyn).*
7.4.6 Hoe verskil die reaksie van die "grootwild" op die koms van die reën van dié van die "kleinvolk"? (2) [DV2]
*Die grootwild reageer heftig en opgewonde; die kleinvolk reageer saggies, eerbiedig, tog bly.*
7.4.7 Watter stemming oorheers in die gedig? (1) [DV3]
*opwinding; eerbied; dankbaarheid*
7.4.8 Skryf twee elemente neer wat aan die begin van die gedig genoem word en later weer in 'n ander vorm genoem word. Dui die verskil aan. (2) [DV1]
*Die bergtop word 'n hoogte. / Die reën loer eers net oor die bergtop, maar later trap sy van die hoogte af en wink met een hand.*
7.4.9 Wat is die tema van die gedig.(1) [DV3]
*Die blydskap van die bewoners van die woestyn oor die reën.*
7.4.10 Kyk na die tipografie van die gedig. Ondersteun dit die boodskap van die gedig? Gee jou mening en motiveer dit. (2) [DV4]
*Ja. Die lang strofes (1 en 4) toon die belangrikheid van die reën. / Die korter strofes (2 en 3) handel oor die bewoners wat nie so belangrik is nie.*
7.4.11 Hoe dink jy voel mense in gebiede waar dit baie droog is as dit na 'n baie lang tyd reën? Wanneer dink jy is mense beangs of ontevrede as dit reën en hoekom sê jy so? (3) [DV5]
*Leerder se eie mening, bv. hulle is opgewonde, dankbaar, verlig, gemotiveerd ...*
*Hulle is beangs in tye van oorstromings, vloede, tsunami's, want hulle vrees vir hul lewens of as dit oestyd is, kan hulle baie geld verloor.* Totaal: 25

## Skryf en aanbied

*KABV bl. 14-15, 38*

Dit is belangrik dat die skryf van die paragraaf volgens die stappe van die skryfproses plaasvind.

**Aktiwiteit 7.5 Skryf 'n paragraaf oor 'n literêre begrip**

Die leerders moet sinne in 'n logiese volgorde kan organiseer om 'n samehangende paragraaf te skryf. Gebruik die kortverhaal, *Stoftrap na sukses*, as voorbeeld om die skryf van 'n paragraaf aan te leer.

Gee vir hul oefening in die identifisering van die **kernsin** van verskillende paragrawe,. Laat hulle kyk of ʼn paragraaf met die kernsin begin. Die **ondersteunende** sinne sal daarop volg en die kernsin aanvul. As die kernsin aan die einde van die paragraaf is, sal die ondersteunende sinne dit voorafgaan omdat die kernsin dan die gevolgtrekking is
Laat die leerders die sinne van ʼn paragraaf wat geskommel is, in die regte volgorde plaas.
Laat hulle die gebruik van **verbindingswoorde** oefen om samehang te verseker soos voegwoorde (*want, maar, terwyl, nadat, indien, omdat, voordat ...*) en voornaamwoorde (*wat, wie, waarvan, waarmee, dwaardeur ...*)
Wys hulle op die **teksstrukture en taalkenmerke** wanneer skryfopdragte gedoen word. (***KABV bl. 37–38)***
Wys die leerders op die korrekte **woordorde** in ʼn sin en laat hulle dit oefen. (***Sien LB bl. 82)***
Sodra die leerders die **vorming** van die paragrawe verstaan, kan Aktiwiteit 7.5 se opdragte bespreek word.

## Aanbieding:

Die leerders se voltooide paragrawe kan gegroepeer word en op die aansteekbord geplaas word. Leerders kan ook hul paragrawe in die klas voorlees.

### Taalstrukture en -konvensies

*KABV bl. 15-16, 48-50*

Dit word van die leerders verwag om bywoordelike bepalings van tyd, plek en wyse te gebruik om ʼn enkelvoudige sin uit te brei:

- Begin by die enkelvoudige sin en laat die leerders dit ontleed. (Sien bl. 83 van LB)

Die riksjas trek die toeriste. Watter deel van die sin word deur die bywoordelike bepaling geraak? Watter woord moet dus uitgebrei word?

| **Onderwerp** | **Gesegde** | **Voorwerp** |
|---|---|---|
| **Die riksjas** | **trek** | **die toeriste** |
| ***Voeg nou die verskillende bywoordelike bepalings by die gesegde:*** | | |
| **Tyd** | **elke dag** | **Die finale sin:** |
| **Wyse** | **baie flink** | **Die riksjas trek elke dag die toeriste baie flink deur die Durbanse strate.** |
| **Plek** | **deur die Durbanse strate** | |

**Aktiwiteit 7.6: Taaloefening**

**Taaloefening: Moontlike memorandum**

7.6.1.1 Die dolfyne het die toeriste by die akwarium vermaak. (1)
7.6.1.2 As ek ʼn komplimentêre kaartjie kry, kan ek die vertoning gratis bywoon. (1)
7.6.2.1 in die laat 1980's – bywoordelike bepaling van tyd (1)
7.6.2.2 by die Durbanse strandfront – bywoordelike bepaling van plek (1)
7.6.2.3 geesdriftig – bywoordelike bepaling van wyse (1)
7.6.3.1 Die dolfyne swem van agtuur tot vieruur in die swembad.(1)
7.6.3.2 Die dolfyne baljaar heerlik in die koel water. (1)
7.6.3.3 Die dolfyne vermaak toeriste met groot geesdrif. (1)

7.6.4.1 stelsin (1)
7.6.4.2 vraagsin (1)
7.6.4.3 uitroepsin (1)

7.6.5 a) Die kleurvolle karretjies trek elke dag die buitelandse passasiers straat af. (1)
7.6.5 b) Dolfynvertonings word elke middag om drieuur in die arena aangebied. (1)

7.6.6. Spesiale gesinsafslag gedurende skoolvakansies! Mense wat betyds bespreek kry ŉ bonus by die afslag. (4)